DIE PREDIKER AS SKRIFGELEERDE!

Ian Nell

So is elke skrifgeleerde ...

Die prediker as skrifgeleerde! Dit klink vreemd op die oor, veral as ons in gedagte hou dat die skrywers van die Nuwe Testament hulle gewoonlik nie in 'n goeie lig aan ons voorhou nie. Tog is dit 'n beeld wat Jesus in Mark 13:52 gebruik. Jesus is besig om sy dissipels oor die koninkryk van God te leer, en nadat Hy vir hulle drie kort gelykenisse vertel het, vra Hy vir hulle: "Verstaan julle al hierdie dinge?" Nadat hulle bevestigend geantwoord het, sê Jesus: "So is elke skrifgeleerde wat 'n leerling word in die koninkryk van die hemel, soos 'n huiseienaar wat uit sy voorraad nuwe en ou dinge te voorskyn bring."

In die bekende Ou Testamentikus, Walter Brueggemann, se jongste publikasie *Inscribing the Text* (2004) wys hy daarop dat dit nie onbelangrik kan wees dat Jesus sy dissipels onderrig deur na die skrifgeleerdes te verwys nie. Volgens hom kan dit wees dat Jesus hulle uitnooi om skrifgeleerdes te wees wat vir 'n nuwe era opgelei is, moontlik het Jesus ook na Homself as 'n skrifgeleerde verwys.

'n Ryk skatkis vol ou en nuwe dinge ...

Die skrifgeleerde, soos Jesus dit hier hanteer, is nie die stereotipiese Farriseër of geveinsde nie, maar 'n agent wat toegerus is om deel te neem aan die koms van God se koninkryk. En so 'n agent het volgens Brueggemann, ter wille van die nuutheid van dié koninkryk, 'n ryk voorraad (in Grieks 'n skatkis) vol ou en nuwe dinge.

Die primêre fokus van die skrifgeleerde was egter tekste. En dan vra Brueggemann die vraag: "What could a treasure be for a scribe, if it is not a *treasure of texts* - old texts, new interpretations - all for the purpose of opening us to God's newness" (2004:17). En daarom is die onderrig van Jesus volgens hom 'n uitnodiging om met nuwe verbeelding die rol van prediking te sien as die hantering van ou en nuwe dinge ter wille van die koninkryk van God. En dit was presies waarmee die skrifgeleerdes hulle besig gehou het.

Wat het die skrifgeleerdes gedoen?

Uit die kultuur-historiese agtergrond is dit duidelik dat skrifgeleerdes beskeie mense was wat nie te veel vir hulself opgeëis het nie. Hulle het ook nie mense probeer manipuleer en met sterk imperatiewe gewerk nie. Hulle het hul bes gedoen om die waarheid te vertel deur met tekste om te gaan. Daar was veral drie dinge waartoe hulle mense uitgenooi het…

- Hulle het mense wat sonder tekste geleef het, uitgenooi om met tekste besig te raak wat 'n heilige teenwoordigheid as sentrum gehad het, 'n teenwoordigheid wat die wêreld gevorm het tot ware lewe.
- Hulle het mense met "dun" tekste, of min tekste, uitgenooi tot 'n "thickness" wat nie moontlik is sonder die God wat agter dié tekste aan die werk is nie.
- Hulle het mense uitgenooi wat reeds met dié tekste besig was om dit met nog groter aandag te

lees, om die nuanses, ritmes en aksente vir die hedendaagse lewe op te merk en te integreer.

Hulle het dus tekste as 'n stem van waarheid hanteer, alhoewel dit 'n ontwykende waarheid was. Tog, wanneer dié tekste met sorg hanteer is, hét die waarheid na vore gekom. Die tekste was nie hulle eiendom nie, die tekste het geleef binne in, saam met en onder die geheue van die geloofsgemeenskap. Die skrifgeleerde het dus nie in die pad van die tekste gestaan nie.

Hulle het vertrou dat die tekste 'n eie seggingskrag onder leiding van die Gees gehad het. Hulle het die luisterende gemeente vertrou om die verbande te kon lê. Hulle het die momente van ware krag en kragtige waarheid vertrou om mense tot inkeer en bekering te bring, wat alles nuut gemaak het.

Prediking as die vorming van geloof

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat ons hier te make het met prediking as geloofsvorming en geloofsontwikkeling aan die hand van tekste. In dié verband is dit interessant om te sien hoedat Gerrit Immink in 'n navorsingsverslag onder die titel *Homiletics: The Current Debate* (2004) in die jongste uitgawe van die tydskrif *International Journal of Practical Theology*, prediking as geloofsvorming onder 'n aparte hoof hanteer.

Volgens hom is dit ongelukkig 'n dimensie wat in die homiletiese debat maklik vergeet of nagelaat word. In dié verband praat hy van *lerende prediking* en bedoel daarmee dat prediking die vorming en ontwikkeling van geloof in die oog het, aangesien geloof nie 'n kwaliteit is wat ons vir eens en vir altyd besit nie, dit is 'n kwaliteit wat moet ryp word.

Lerende prediking is dus nie 'n oud-modiese en gedateerde erfenis wat dikwels met 'n tipe van kognitiewe, vervelige en lewelose les-gee geassosieer word nie. Lerende prediking vra vir 'n aktiewe rol van die hoorder. Die hoorder word gesien as 'n bewustelike, intensionele, kritiese en handelende persoon, iemand wat besluite moet neem en met die wisselvallighede van die lewe moet rekening hou om in 'n komplekse wêreld te handel en te wandel.

Lerende prediking, in aansluiting by die gedagte van die prediker as skrifgeleerde, wil die hoorders help om hul geestelike en teologiese ongeletterdheid te bowe te kom.

Die Hervormers

Dit is ook waarom die preek vir die Hervormers 'n paranetiese en didaktiese funksie gehad het. Dit ontneem nie die kerugma sy krag nie, die teendeel is eerder waar, dit ondersteun die kerugma om 'n pad na die hart en hoof van die gemeente oop te maak. Daarom is prediking 'n korporatiewe gebeure wat praat en luister met mekaar verbind. Dit is ook die rol van die Heilige Gees wat nie alleen die Bybel via die prediker oopmaak nie, maar ook die harte van die hoorders verlig.

Die prediking van die evangelie en die hoor van die gemeente kom as 'n "paar" en die band tussen die twee is die werk van die Heilige Gees wat die dinamiese teenwoordigheid van die Gees van God deur Jesus Christus is. Dit was veral Calvyn se teologie wat dié pneumatologiese dimensie beklemtoon het. Vir hom was prediking hoofsaaklik lering, maar lering verstaan as instruksie, as die voeding van die geloofspraktyk (*praxis pietatis*). Die Gees is vir hom die interne skoolmeester.

En dit alles het Calvyn geleer by die groot Leermeester wat dit duidelik gestel het: "So is elke skrifgeleerde wat 'n leerling word in die koninkryk van die hemel, soos 'n huiseienaar wat uit sy voorraad nuwe en ou dinge te voorskyn bring." Ons is voorwaar leerlinge in God se koninkryk, skrifgeleerdes met die skat van tekste in ons hande. Wat 'n voorreg!